

ASPEKTE VAN PLAASLIKE EN STREEK- GESKIEDENIS: TEORIE EN PRAKTYK

C.C. Eloff

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

Terreinafbakening en -beskrywing

Hierdie artikel gee 'n oorsig van die omvang, aard en funksie van plaaslike en streekgeskiedenis. Metodologiese en inhoudelike aspekte van die studieterrrein word ook ontleed, terwyl ten slotte kortliks gelet word op die rol en plek van historiese en kultuurhistoriese museums in die beoefening van plaaslike en streekgeskiedenis in Suid-Afrika.

In die omgang en veral die vaktaal en -literatuur word plaaslike geskiedenis met 'n verskeidenheid terme omskryf. Behalwe vir die begrippe plaaslike (of lokale), stedelike, streek-, landelike, omgewings- en alledaagse geskiedenis (asook die Anglo-Amerikaanse, Franse, Nederlandse en Duitse variasies daarvan), word die konsep "heemkunde" dikwels gebruik om aktiwiteite rondom dié vertakking van die geskiedwetenskap aan te dui. Heemkunde omvat volgens Alberts en Van der Steur meer as "lokale en regionale geskiedenis [en] houdt zich bezig met het heden én verleden van de eigen omgewing, en bestudeert alle facetten daarvan ..." ¹ Die begrippe "plaaslike geskiedenis" en "streekgeskiedenis" word soms as sinoniem beskou. In hierdie bydrae word dit ook afwisselend en onderling insluitend gebruik.

Belangstelling in plaaslike geskiedenis is wyd en dié subdissipline het feitlik al internasionale navolging gevind. Teen 1979 was meer as die helfte van alle nagraadse studente in Brittanje byvoorbeeld besig om op die terrein van plaaslike en streekgeskiedenis te werk. Benewens die Department of English Local History (en later die Centre for Urban History) aan die Universiteit van Leicester, word plaaslike geskiedenis ook by talle ander universiteite en tersiêre opvoedkundige inrigtings beoefen. Die British Association for Local History is 'n groeiende, dinamiese vereniging, terwyl die bekende Victoria County Histories-reeks die afgelope eeu bykans 200 publikasies opgelewer het. Teen die einde van die sewentigerjare was daar ongeveer 240 aktiewe plaaslike historiese verenigings dwarsoor die Verenigde Koninkryk versprei. ²

Omstreeks dieselfde tyd is plaaslike en streekgeskiedenis as "one of the fastest growing popular pursuits" in die VSA bestempel. Daar word selfs van 'n "popular local and community history movement" gepraat. ³ Hierin speel sowel die American Association for State and

Local History as verskeie universiteite, opvoedkundige instansies en plaaslike historiese verenigings 'n leidende rol. In lande soos Australië, Frankryk, Nederland en Duitsland word plaaslike en streekgeskiedenis eweneens bestudeer en toegepas. ⁴

Ook in Suid-Afrika het plaaslike geskiedenis mettertyd 'n stewige vastrapplek gekry. Temas met 'n plaaslik-historiese strekking word gereeld deur studente vir verhandelinge en proefskrifte aangepak. ⁵ Talle amateur- en semiprofessionele historici hou hulle eweneens met die skryf van veral dorpsgeskiedenis besig. In skoolleerplanne word omgewingstudies met 'n sterk plaaslike geskiedenis-karakter ook reeds geruime tyd aangebied. ⁶ Met die stigting in 1974 van die RGN se Afdeling Plaaslike en Streekgeskiedenisnavorsing het die studieterrrein hier te lande amptelik sy beslag gekry. Afgesien van die reeks dorp- en streekgeskiedenis wat al uitgegee is, verskyn die nasionale vaktydskrif *Contree* sedert 1977 twee keer per jaar. (Sedert 1992 word dit deur die Randse Afrikaanse Universiteit uitgegee.)

Om 'n klinklaar enkeldefinisie van plaaslike geskiedenis te gee, is feitlik net so moeilik as die beoefening van hierdie takdissipline van geskiedenis. ⁷ Victor Skipp verklaar veelseggend dat die grense van plaaslike geskiedenis kunsmatig is, want volgens hom is "all history one-like existence itself, a seamless garment". ⁸ Vir Stephan Thernstrom is die afbakening daarvan "largely a matter of convenience". ⁹ In die hoofartikel van die eerste uitgawe van die *Urban History Yearbook* erken die redakteurs ruitelik: "Our best definitions are likely to remain operational ones". En verder: "... we see nothing to be gained from attempting to mark out rigid demarcation lines between the historical studies concerned in some way or the other with the development of towns or cities". ¹⁰

Met inagneming van so 'n onvermoë (én onwenslikheid) om plaaslike geskiedenis formeel te begrens, is dit tog interessant om op 'n paar pogings ter definiëring van die studiegebied te let:

Ø "Local history is the study of past events and of people or groups in a given geographic area, in and through time."¹¹

- Ø *"Local history can be defined as the history of a town, district or any unity smaller than the nation-state, with clearly defined territorial limits or in which the inhabitants are so far united in thought and action as to feel a sense of belonging together."*¹²
- Ø *"Local history is the study of man's past in relation to his locality, locality being determined by an individual's interests and experience."*¹³
- Ø *"Local history might be defined as a study, first, of the particular community in as many aspects as possible within its local context; secondly, the hierarchical structure of community organization and networks within identifiable regions; and thirdly, the taxonomy of diverse community structures."*¹⁴

Uit voorgaande blyk die diverse en uiteenlopende aard van dié onderwerp. Wat wel duidelik is, is dat plaaslike geskiedenis konsentreer op klein eenhede of lokaliteite en nie op die breë nasionale sfeer gerig is nie. Die plaaslike historikus is dus geïnteresseerd in **plek**, of soos Robert Aldrich dit stel: "The place forms the decor of history, the setting of the drama of beliefs, class struggle, or social change".¹⁵

Plaaslike geskiedenis se benadering lê inderdaad op die mikrovlak en is daarop ingestel om aspekte van die verlede te ontleed vanuit die perspektief van die "smallest possible social and spatial units".¹⁶ Dit gaan dus oor "vlakbyopnames" (in filmtaal "close-ups") van die mens en gemeenskap in sy ryke verskeidenheid werksaamhede.¹⁷ Die enkeling, groep of gemeenskap in die kleiner wêreld of mikrokosmos word dus histories in sy totaliteit, in breedte en diepte bestudeer. Kortom, dit word die verhaal van mense se prestasies en mislukkings in gemeenskapsverband.¹⁸

Daar word gevolglik baie keer na plaaslike geskiedenis as "microhistory" verwys;¹⁹ want deur die individu, groep en mikrogebied (plek of plaaslike omgewing) onder die loep te neem, word 'n veel groter kennisskat blootgelê as wat die geval met die nasionale geskiedenis is.²⁰ Deur plaaslike geskiedenis vind nouer aanraking met die "gewone" mens plaas as wat die geval met ander vertakkinge van die geskiedwetenskap is. Ons ontmoet die "deursneemens" as't ware by sy adres, op sy voorstoep of in sy tuiste en leer hom ken as 'n wese van vlees en bloed en nie bloot as 'n pion op die "nasionale skaakbord" nie.²¹

'n Aanspraak wat dikwels gemaak word (onder meer deur die Britse Leicester-skool) is dat plaaslike geskiedenis 'n selfstandige studieveld verteenwoordig wat vanweë sy eie belangrikheid en intrinsieke waarde bestudeer behoort te word.²² Dit staan in 'n besondere verhouding tot die nasionale en algemene geskiedenis en

kan tereg as "distinct articulations of the national life" bestempel word.²³ Sy onmiddellik-lokale fokusgebied en funksie gee aan plaaslike geskiedenis 'n meer beskeie benadering as die provinsiale en nasionale studie, dog 'n breër, omvangryker aanslag as die familiegeskiedenis of biografie. Omdat plaaslike en streekgeskiedenis die mens in al sy geledinge ondersoek, word selfs van 'n "totale geskiedenis"-benadering gepraat.²⁴

Aangesien plaaslike geskiedenis op die kleiner gemeenskap gerig is en die lewe van "gewone" mense in 'n bepaalde gebied of omgewing bestudeer, is die invalshoek anders as dié van die nasionale geskiedenis. Laasgenoemde is in der waarheid "geskiedenis van bo af" en vanuit die "boonste strukture". Plaaslike geskiedenis, as inherente deel van sosiale geskiedenis, is weer op die "onderste vlak" toegespits.²⁵

In die beoefening van plaaslik-historiese navorsing word die tradisionele proses dus omgekeer: in plaas daarvan om die verlede van "bo" af en uit die perspektief van die heersersklas te rekonstrueer (met die handeling van die sentrale owerheid, die staat en nasionale of politieke figure in die middelpunt), bestudeer die plaaslike historikus die verlede "van onder af". Die soeklig val nou hoofsaaklik op die "alledaagse" lewe en die "gesiglose" mens in die kleiner gemeenskap.²⁶ Aldus kan plaaslike geskiedenis eintlik die onderbou van en vertrekpunt vir die nasionale geskiedenis genoem word;²⁷ want 'n studie van die mikrokosmos en die rol van die gewone mens daarin is nodig om breë historiese strukture en prosesse beter te begryp.²⁸

Oor die nutswaarde en funksie van plaaslike geskiedenis onderskei kenners meestal tussen 'n sosiaal-kulturele en akademies-opvoedkundige dimensie. Wat eersgenoemde betref, word na plaaslike geskiedenis verwys as "one of the earliest results and pillars of support of the [ancient] Greeks' search for their past".²⁹ Die gemeenskapsgerigte aard van plaaslike geskiedenis kan voorts 'n gevoel van identiteit, trots, lojaliteit, samehorigheid, sekuriteit en 'n historiese bewussyn by gemeenskappe help kweek.³⁰ Linda Shopes noem dit "a well-received way to alert people to the significance of their locale, to personalize the study of history"³¹, terwyl Louis Bisceglia dit tipeer as "one of the most cohesive strands binding communities together".³² Behalwe dat plaaslike geskiedenis mense met "a sense of roots, identity and individuality" vervul³³, bied dit die navorser 'n "much more immediate sense of the past".³⁴

Op die meer kognitiewe, praktiese vlak word plaaslike geskiedenis se waarde gemeet aan die feit dat dit dien as "a complement to and a corrective of general, national history".³⁵ Dit dra dus in belangrike opsigte by tot historiese kennis en perspektief en verbreed terselfdertyd die terrein van die nasionale geskiedenis.³⁶

Plaaslike geskiedenis voorsien ook in 'n behoefte by beplanners, besluitnemers en die toerismebedryf aan

inligting vir beplannings- en ontwikkelingsdoeleindes.³⁷ Nog 'n belangrike opvoedkundige funksie wat plaaslike geskiedenisnavorsing vervul, is die ontspanning (tydverdryf) wat dit aan beoefenaars bied. Sodoende speel dit 'n indirekte rol in "the betterment of life" deur mense met 'n basiese kennis van hul omgewing en verlede toe te rus.³⁸

Metodologie en tematiek

Uit die aard en omvang van plaaslike geskiedenis is dit opvallend dat hierdie takdissipline van Geskiedenis wyd-geskakeerd, veelkantig, kaleidoskopies en kompleks is. Omdat die doelwit 'n omvattende of integrerende geskiedenis is, word alle fasette van die mens se bestaan en aktiwiteite ondersoek. Die klem val dus nie slegs op politieke geskiedenis nie, maar veral ook op sosiaal-ekonomiese aspekte.³⁹ John Marshall laat hom so hieroor uit: "Local history is extremely difficult to do well, involving hundreds of different and sometimes disparate topics from thousands of different sources. It involves ingenious and testing forms of synthesis".⁴⁰

Dit is begryplik as in aanmerking geneem word dat plaaslike geskiedenis - in navolging van die Franse *Annales*-skool en die New History-skool in die VSA - die mens as sosiale en ekonomiese wese in sy omgewing bestudeer en poog om die totaliteit van samelewing-strukture histories te ontleed. Die temas wat aan die orde kom en die navorsingsmetodes wat aangewend word, weerspieël iets van die veelkantigheid waarna hierbo verwys is.

In sy wese het plaaslike geskiedenis die **geskiedwetenskap as basis**. Wat vir geskiedenis as vakgebied geld, is dus *mutatis mutandis* op die subdissipline plaaslike geskiedenis van toepassing. Die verskil is per slot van rekening "merely a matter of scale"⁴¹ en raak hoofsaaklik die invalshoek, omvang, samestelling en funksionering. Omdat dit nie die doel met hierdie artikel is om 'n filosofies-teoretiese ontleding van historiese metodologie te doen nie, word met enkele breë opmerkings volstaan.

By die beoefening van plaaslike geskiedenis behoort teen 'n antikwariese benadering tot die insameling en dokumentering van inligting gewaak te word. Ook 'n suiwer beskrywende, vertellende aanbieding is onbevredigend.⁴² In die probleemformulering en navorsingsdoelstelling moet die ideaal eerder wees om 'n analitiese, kritiese ondersoek na langtermyn-prosesse en -strukture in die samelewing in te stel en dit vertolkend weer te gee.⁴³ Hiervoor is 'n multi- en selfs interdissiplinêre benadering nodig.⁴⁴

Vraagstelling by plaaslike geskiedenisnavorsing behoort voorts kontemporêr en resent-gerig te wees. Daar moet dus gefokus word op 'n eietydse probleem met duidelike historiese verbande. Of soos William Hoskins dit stel: "Local history should be studied backwards, beginning

with a problem and tracing it to its roots."⁴⁵ Terselfdertyd is dit vir die plaaslike historikus belangrik om 'n probleem-georiënteerde uitgangspunt en grondslag te hê. Volgens Gerard Trienekens lê oplossings vir algemene historiese vraagstukke juis op die plaaslike en streekvlak.⁴⁶ Gevolglik is dit plaaslike geskiedenis se taak om samelewingsproblematiek histories te ondersoek en te verklaar ten einde tot 'n oplossing daarvan te help bydra.⁴⁷ (Die temas wat in Figuur 1 gelys word, beklemtoon juis die noodsaaklikheid daarvan om probleemgerigte en toegepaste navorsing daarvoor te onderneem.)

Nog 'n metodologiese tegniek wat sterk by plaaslike geskiedenisnavorsing geld, is dié van vergelyking. Deur 'n vergelykende studie van verskillende gebiede kan breër perspektief verkry word omdat verskille eerder as ooreenkomste sin en betekenis aan 'n plek of kontrei en sy inwoners se bestaan gee.⁴⁸ Vergelyking en kontraste tussen bepaalde temas binne 'n spesifieke gebied aan die hand van gevallestudies het ook betekenis mits die vergelyking teoreties-relevant is en op sinvolle, vergelykbare temas berus.⁴⁹

Ten einde 'n geïntegreerde beeld van die verlede te skep, moet die plaaslike historikus dit altyd in gedagte hou dat geen gemeenskap in 'n lugleegte of as 'n geslote eenheid kan bestaan nie. Sonder samehangende of kontekstuele verbande gaan perspektief verlore wat gewoonlik weer 'n skeefgetrekte aanbieding tot gevolg het. Linda Shopes waarsku tereg teen 'n eng, parogiale uitbeelding en verklaar dat die plaaslike historikus "should push beyond the boundaries of a single community..., moving in concentric rings of analysis, seeing the community in an even wider context".⁵⁰ Die plek of lokaliteit moet derhalwe in terme van 'n groter geheel ontleed en verklaar word. Wisselwerking en interafhanklikheid behoort altyd as belangrike aspekte in 'n plaaslike geskiedenis beskou te word.

Dit sou 'n onbegonne taak wees om 'n omvattende inventaris op te stel van temas en terreine van ondersoek waaraan plaaslike historici al aandag gegee het of wat moontlik nog braak lê. 'n Ontleding van verbandhoudende literatuur gee nietemin 'n aanduiding van die diversiteit van die studiegebied, terwyl dit ook 'n uitdaging tot die voornemende student van plaaslike geskiedenis rig. (In Figuur 1 verskyn 'n aantal temas of onderwerpe wat hoofsaaklik uit relevante literatuur in die endnote saamgestel is.)

In aansluiting by die uiteenlopendheid van temas is dit insiggewend om te let op 'n model of struktuurontleding wat plaaslike geskiedenis toelig. Victor Skipp omskryf die aard en samestelling van plaaslike historiese navorsing aan die hand van wat hy "an ostensive definition" noem. Daarvolgens omvat plaaslike geskiedenis "several types of locality-based study, the main ones being village history, town (or urban) history,

county history, and regional history". Inbegrepe is meestal dimensies van sosiale, politieke, godsdienstige,

Figuur 1

PLAASLIKE GESKIEDENIS	
Breë temas*	
Agrariese geskiedenis	Industrialisasie
Arbeid	Kultuurdiversiteit
Armoede (en armsorg)	Menseregte
Behuising	Misdaad en geweld
Bosbou	Mynbou
Demografiese tendense	Omgewingsake (en bewaring)
Demokrasie	Onderwys en opvoeding
Etnisiteit	Openbare dienste
Gemeenskapsbetrokkenheid	Plaaslike en streekregering
Gesondheid	Politieke ontwikkeling
Godsdiens	Verstedeliking
Grondbesit en -gebruik	Werkloosheid
* Die komplekse (probleemgerigte) aard en wye omvang van hierdie onderwerpe vereis 'n multidissiplinêre benadering deur navorsers	

ekonomiese en demografiese geskiedenis, asook aspekte van die topografie. Die aanbiedingswyse kan ten slotte op die antikwariese, beskrywende of streng analitiese vlak lê.⁵² (Figuur 2.)

Bronne van belang by navorsing oor plaaslike geskiedenis is feitlik net so geskakeerd as die aard en inhoud van die takdissipline self. In 'n bydrae oor inligtingsbronne vir die kultuurhistorikus stel Celestine Pretorius die volgende indeling voor:⁵³

Aanvullend hierby sou in 'n plaaslik-historiese konteks ook nog verwys kon word na die navorsingswaarde van dokumente of rekords van verenigings, organisasies, instansies, maatskappye en openbare of private liggame wat tans in 'n dorp/gebied funksioneer of vroeër bestaan het, plaaslike koerante, kaarte, planne, brieweboeke, telefoongidse, straatadreslyste, testamente, boedels en selfs inskripsies op grafstene.⁵⁴ Nog waardevolle bronne van inligting is plaaslike historiese verenigings, plaaslike biblioteke en plaaslike museums.⁵⁵ (Oor laasgenoemde meer in die slotopmerkings hieronder.)

Die belangrike plek wat mondelinge getuieis in plaaslike geskiedenisnavorsing inneem, is al deur talle skrywers uiteengesit. Daar heers redelike eenstemmigheid dat "oral history" tot 'n beter begrip van die verlede kan lei, dat dit 'n magdom inligting beskikbaar stel wat nie in amptelike dokumente voorkom nie, dat dit 'n identiteit en karakter aan mense gee en hul

geskiedenis in hul eie woorde uitbeeld.⁵⁶ Daarby vervul "oral history" ook 'n regstellende of remediërende funksie: dit dien naamlik as "an invisible corrective and check"⁵⁷ en is 'n "powerful grass-roots strategy for correcting the biases, distortions, and omissions in a community historiography".⁵⁸

Slotopmerkings: plaaslike museums en die plaaslike historikus

Afgesien van plaaslike historiese verenigings en biblioteke vervul plaaslike museums 'n onontbeerlike funksie by die insameling van inligting van 'n plaaslik-historiese aard. Geskiedenis museums in die VSA en Kanada spits hulle oor die algemeen toe op plaaslike geskiedenis, met die klem op die dorp en streek waar die museum geleë is.⁵⁹ In Suid-Afrika het mettertyd ook 'n hele aantal plaaslike museums ontstaan; sommige is gespesialiseerde of temamuseums dog die meeste plattelandse museums konsentreer op die onmiddellike kontrei of gemeenskap. Daar behoort egter 'n baie sterker poging te wees om kontemporêre navorsingsmateriaal op 'n sistematiese en deurlopende wyse te versamel.⁶⁰

Dit word algemeen aanvaar dat museums 'n primêre insamelings-, dokumenterings-, bewarings-, ontsluitings- en kultureel-opvoedkundige funksie het. Dit is dikwels wanneer die inligting wat deur museums byeengebring is vir navorsingsdoeleindes benodig word dat probleme ontstaan. Watter leemtes en knelpunte word ondervind? Wat is die behoeftes van die plaaslike geskiedenisnavorsers? Of anders gestel, wat kan plaaslike museums doen om die navorsers se taak te vergemaklik?

Navorsers wat van die plaaslike museum of museumbiblioteek se dienste gebruik maak, wil daarop kan reken dat die bronne van inligting "judiciously selected, properly stored and recorded and immediately available" sal wees.⁶¹ Veral belangrik is 'n betroubare inligtingsdiens, "a prerequisite for valid scientific research".⁶²

Nog 'n noodsaaklike vereiste is toeganklikheid van die museum se ontsluitings- en dokumentasiesstelsel. Dit geld ook die museumure of -tye, fotokopieer-, mikrofilm- en rekenaargeriewe (wat verkieslik by nasionale inligtingsnetwerke ingeskakel is). Die kwaliteit van dienslewering word uiteindelik deur die beskikbaarheid van opgeleide vakkundige museum personeel bepaal.⁶³

'n Nuttige hulpmiddel vir die navorsers is museums se bekendstelling van hul inligtingsbronne en versamelings by wyse van publikasies (soos nuusbriewe, verslae en tydskrifte), konferensies, openbare lesings en uitstalling. Museums behoort ook meermale plaaslike geskiedenisprojekte te loods, want afgesien van die vennootskap wat sodoende met belangstellendes en belanghebbendes gesluit word, kan so 'n onderneming talle nuwe bronne

Figuur 2

RIGOROUS ANALYSIS (micro-history and comparative studies)				
NARRATIVE and DESCRIPTIVE WRITING				
FACT COLLECTING and RECORDING (antiquarianism)				
TOPOGRAPHY landscape history place-name study field archaeology vernacular architecture				→
ECONOMIC HISTORY agrarian history industrial archaeology business history transport history				→
DEMOGRAPHIC HISTORY				→
SOCIAL HISTORY domestic life oral history folklore				→
ECCLESIASTICAL HISTORY				→
POLITICAL HISTORY				→
	VILLAGE (PARISH) HISTORY	TOWN (URBAN) HISTORY	COUNTY HISTORY	REGIONAL HISTORY

LOCAL HISTORY: AN OSTENSIVE MODEL

Figuur 3

PRIMêRE BRONNE	SEKONDêRE BRONNE
A. Geskrewe bronne 1. Amptelike dokumente, ongepubliseerd en gepubliseerd 2. Joernalistieke bronne: Koerante en tydskrifte 3. Egodokumente: a. Dagboeke b. Briewe c. Outobiografieë d. Herinneringskrifte (Memoirs) e. Reisbeskrywings B. Pikturale bronne 1. Skilderye en tekeninge 2. Grafiese reproduksies (prente) 3. Foto's 4. Geografiese kaarte en planne C. Taktuele (tasbare) bronne 1. Bouwerke 2. Voorwerpe D. Verbale bronne Tydgenootlike mondelinge getuienis	A. Geskrewe bronne 1. Boeke 2. Tydskrif- en koerantartikels 3. Gedenkskrifte 4. Geskiedkundige romans, dramas en digwerke B. Beeldende bronne 1. Kunstenaarsvoorstellings: Skilde-rye, tekeninge, beeldhouwerke 2. Monumente en gedenktekens 3. Musikale komposisies C. Verbale bronne 1. Oorlewering en vertellings 2. Volksliedere en gedigte

of aanwinste oplewer wat die museumversameling aanvul.⁶⁴

Dit het kennelik nog nie tot museums in ons land deurgedring dat plaaslike en streekhistorici graag van die dienste en inligting gebruik wil maak wat beskikbaar is of behoort te wees nie. Andersyds is daar talle navorsers wat nie bewus is van die waardevolle funksie van en inligting in sulke museums nie. Nouer skakeling en beter kommunikasie kan baie doen om sulke onkunde en selfs vooroordeel uit die weg te ruim. Die museumbedryf en beoefenaars van plaaslike geskiedenis het mekaar beslis nodig, veral in Suid-Afrika waar beperkte hulpronne en 'n kwynende belangstelling in die vak Geskiedenis tans 'n werklikheid is.

ENDNOTE

- W.J. Alberts en A.G. van der Steur, *Handleiding voor de beoefening van lokale en regionale geschiedenis* (Weesp, 1984), p.9.
2. Standing Conference for Local History (SCLH), *Report of the Committee to Review Local History* (Londen, 1974), p.5; ook R.B. Pugh, "The Victoria History of the Counties of England", *Contree*, 2, 1977, pp.21-22.

3. D.A. Gerber, "Local and community history", *The History Teacher* 13, 1979, p.7; vlg. veral ook L. Bisceglia, "Writers of 'small histories': local historians in the United States and Britain", *The Local Historian*, 14(1), 1980.
4. Byvoorbeeld I. Veit-Brause, "The place of local and regional history in German and French historiography: some general reflections", *Australian Journal of French Studies*, 16(5), 1979; J.W. McCarty, "Australian regional history", *Historical Studies*, 18(70), 1978, Alberts en Van der Steur, *Handleiding ... lokale en regionale geschiedenis*, pp.12-18.
5. P.H.R. Snyman, "Die stand van stedelike en streekgeskiedenis in die RSA", *Contree*, 16, 1984, pp.30-31; C.C. Eloff, *Streekhistoriese navorsing en die SA Plan vir Geesteswetenskaplike Navorsing* (Pretoria, 1984), pp.8-12.
6. D.J.J. Coetzee, "Plaaslike geskiedenis: wat is dit?", *Die Unie*, 84(2), 1987.
7. H.P.R. Finberg en V.H.T. Skipp, *Local history: object and pursuit* (Devon, 1973), p.vii; SCLH, *Report ...*, p.2; ook J. Morrill, "The diversity of local history" (review article), *The Historical Journal*, 24(3), 1981, p.277.
8. V. Skipp, "Local history: a new definition", *The Local Historian*, 14(6), 1981, p.328.
9. S. Thernstrom, "Reflections on the new urban history", in P.A.M. Geurts en F.A.M. Messing, *Theoretiese en metodologiese aspekte van die ekonomiese en sosiale geschiedenis* (Den Haag, 1979), p.78.
10. *Urban History Yearbook*, 1974, pp.5-6; ook SCLH, *Report ...*, p.2, Thernstrom, "Reflections", p.75 en O. Dann, "Die Region als Gegenstand der Geschichtswissenschaft", *Archiv für Socialgeschichte*, 23, 1983, p.658.
11. C. Kammen, *On doing local history ...* (Nashville, 1986), pp.4-5.
12. J.W. Kew, "The value of local history", *Kleio* 1(1), 1969, p.10.
13. SCLH, *Report ...*, p.3.
14. *Urban History Yearbook*, 1974, p.7.
15. R. Aldrich, "Putting historians in their place: trends in local history", *The Maryland Historian*, 12(1), 1981, p.37.
16. Gerber, "Local and community history", p.9; ook J.A. Benyon, "The necessity of new perspectives

- in South African historiography", *Historia*, 33(2), 1988, p.9.
17. Finberg en Skipp, *Local history*, p.13; R. Samuel, "What is social history?", *History Today*, 35, 1985, p.37; P.L. Scholtz, *Streekgeskiedenis: 'n fassinerende mikrokosmos* (Bellville, 1978), p.8.
 18. Scholtz, *Streekgeskiedenis*, pp.8-9 en 16; Finberg en Skipp, *Local history*, p.14.
 19. Kyk bv. W.G. Hoskins, *Fieldwork in local history* (Londen, 1967), p.171 en F.J. Brüggemeier en J. Kocka, *Geschichte von unten - Geschichte von innen* (Hagen, 1985), p.7.
 20. E. Le Roy Ladurie, *The territory of the historian* (Sussex, 1979), p.117; A. Rogers, *Approaches to local history* (Londen en New York, 1977), p.2.
 21. G. Trienekens, "Theoretiese en metodologiese aspecten van de lokale en regionale geskiedenis", in F. van Besouw et al. (reds.), *Balans en perspektief: visies op de geschiedwetenskap in Nederland* (Groningen, 1987), p.171; Samuel, "What is local history?", p.37; Finberg en Skipp, *Local history*, p.13.
 22. Kew, "The value of local history". p.15; W.R. Powell, "Local history in theory and practice", *Bulletin of the Institute of Historical Research*, 31(83), 1958, p.44; R. Samuel, "Local history and oral history", *History Workshop*, 1, 1976, p.197.
 23. Vgl. Finberg en Skipp, *Local history*, p.5.
 24. Rogers, *Approaches to local history*, p.1; Scholtz, *Streekgeskiedenis*, p.9; L. Grundlingh, "Streeksgeskiedenis: 'n ideale navorsingsgebied vir die amateur- en professionele historikus", *Mousaion*, 11(2), 1993, p.87.
 25. A.G. Oberholster, "Streeksgeskiedenis en die historikus", *Contree*, 6, 1979, p.31; Samuel, "What is social history?", pp.34 en 37; V. Ullrich, "Entdeckungsreise in den historischen Alltag ...", *Geschichte in Wissenschaft und Unterricht*, 36(6), 1985, pp.403 en 409.
 26. Vir 'n ontleding en oorsig van die sg. "history from below"-beweging kyk bv. F.A. van Jaarsveld, "Demokratisering in die geskiedwetenskap ...", *Historia*, 32(1), 1987; F.A. van Jaarsveld, "Geskiedenis van die alledaagse lewe ...", *Historia*, 35(1), 1990 en C.C. Eloff, "History from below", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 25, 1991, pp.38-60; vgl. ook Veit-Brause, "The place of local and regional history", p.471.
 27. Skipp, "Local history: a new definition", p.328.
 28. SCLH, *Report ...*, p.5; Gerber, "Local and community history", p.24; Finberg en Skipp, *Local history*, p.44; F. Niklason, "Applied humanities inside and outside the academy", in D. Callahan, A.L. Caplan en B. Jennings (reds.), *Applying the humanities* (New York en Londen, 1985), pp.250 en 253; McCarty, "Australian regional history", p.90.
 29. E. Breisach, *Historiography: Ancient, Medieval and Modern* (Chicago en Londen, 1983), p.24.
 30. Coetzee, "Plaaslike geskiedenis: wat is dit?", p.34; SCLH, *Report ...*, p.8; Grundlingh, "Streeksgeskiedenis", p.96.
 31. L. Shopes, "Beyond trivia and nostalgia: collaborating in the construction of local history", *International Journal of Oral History*, 5(3), 1984, p.152; kyk ook R. Burman, "Participating in the past? Oral history and community history in the work of Manchester Studies", *International Journal of Oral History*, 5(2), 1984, p.118.
 32. Bisceglia, "Writers of 'small histories'", p.8.
 33. SCLH, *Report ...*, p.6; Gerber, *Local and community history*, pp.7 en 12.
 34. Samuel, "Local history and oral history", p.192.
 35. Veit-Brause, "The place of local and regional history", p.478; ook P. Goubert, "Local history", *Daedalus, Journal of the American Academy of Arts and Sciences*, 100(1), 1971, p.119; Finberg en Skipp, *Local history*, p.30.
 36. G. Hofmeyr, "Plaaslike geskiedenis", *Coelacanth*, 8(2), 1970, p.25; S.P. Olivier, "Die onderrig van plaaslike geskiedenis", *Historia*, 13(4), 1968, p.239; Coetzee, "Plaaslike geskiedenis: wat is dit?", p.34; Powell, "Local history in theory and practice", p. 44; Skipp, "Local history: a new definition", p.328; SCLH, *Report ...*, p.5.
 37. A.H. Smith, "Local history and the planners", *Africana Notes and News*, 18(2), 1968, p.45; Oberholster, "Streeksgeskiedenis en die historikus", pp. 29-31; SCLH, *Report ...*, p.8.
 38. SCLH, *Report ...*, p.8; Veit-Brause, "The place of local and regional history", p.464; Aldrich, "Putting historians in their place", p. 44; Coetzee, "Plaaslike geskiedenis: wat is dit?", p.34.
 39. Scholtz, *Streeksgeskiedenis*, pp.9 en 17; Oberholster, "Streeksgeskiedenis en die historikus", p.31; Trienekens, "Theoretiese en metodologiese aspecten van de lokale en regionale geskiedenis", pp.172-173.
 40. J.D. Marshall, "Whither local history?", *The Local Historian* 15(6), 1983, p.333.
 41. SCLH, *Report ...*, p.2.
 42. Alberts en Van der Steur, *Handleiding ... lokale en regionale geskiedenis*, p.12; Skipp, "Local history: a new definition", p.328; ook Grundlingh, "Streeksgeskiedenis", pp. 88-90.
 43. Kyk o.a. Gerber, "Local and community history", pp.24-25; Thernstrom, "Reflections", p.80; Veit-Brause, "The place of local and regional history", pp.458 en 474; Grundlingh, "Streeksgeskiedenis", p.91.
 44. Goubert, "Local history", p.122; Trienekens, "Theoretiese en metodologiese aspecten van de lokale en regionale geskiedenis", p.177; Alberts en Van der Steur, *Handleiding ... lokale en regionale geskiedenis*, p.147; A. Rogers, "New horizons in local history", *The Local Historian*, 12(2), 1976, p.70.

45. W.G. Hoskins, "The writing of local history", *History Today*, 2(7), 1952, p.491; vgl. ook Aldrich, "Putting historians in their place", p.39; Samuel, "What is social history?", p.35; F.J. du T. Spies, "Leemtes in die Suid-Afrikaanse geskied-skrywing", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 3, 1971, pp.85-86; Marshall, "Whiter local history?", p.337; Grundlingh, "Streeksgeskiedenis", p.90.
46. Trienekens, "Theoretiese en metodologiese aspecten van de lokale en regionale geskiedenis", pp.167-168.
47. McCarty, "Australian regional history", p.94; Hoskins, "The writing of local history", p.490; Goubert, "Local history", p.124; Samuel, "What is social history?", p.35.
48. C. Iredale, *Local history research and writing* (Leeds, 1974), p.10.
49. Thernstrom, "Reflections", p.80; J. Goudsblom, "Over de bijdrage van de Geschiedenis aan de Sociologie", *Tijdschrift voor Geschiedenis*, 101(4), 1988, p.598; Aldrich, "Putting historians in their place", pp.43-44; Kew, "The value of local history", p.15; Bisceglia, "Writers of 'small histories'", p.9.
50. Shopes, "Beyond trivia and nostalgia", pp.155-156; ook Rogers, *Approaches to local history*, p.70; Kammen, *On doing local history*, pp.93-94; Ullrich, "Entdeckungsreise in den historischen Alltag", p.410; Grundlingh, "Streeksgeskiedenis", pp. 90-91.
51. Kyk Iredale, *Local history research and writing*, pp.9 en 16; Aldrich, "Putting historians in their place", p.41; Scholtz, *Streeksgeskiedenis*, pp.9 en 12.
52. Skipp, "Local history: a new definition", pp.327 en 329; ook Grundlingh, "Streeksgeskiedenis", pp. 88-89 en 90-91.
53. J.C. Pretorius, "Inwinning van inligting", *Navorsing in die Kultuurhistoriese Museum*, 1(4), 1987, pp.90-91; kyk ook Grundlingh, "Streeksgeskiedenis", pp. 92-94.
54. Kyk veral J.M. Berning, "Local history: taking the documents to the people", *South African Archives Journal*, 29, 1987, pp.24-25; Olivier, "Die onderrig van plaaslike geskiedenis", p.240; Thernstrom, "Reflections", p.88; D.A. Webb, "Researching local history ...", *South African Museum Association Bulletin*, 18(1), 1988; pp.12-13; Smith, "Local history and the planners", pp.45-46; D.J.J. Coetzee, "Plaaslike geskiedenis: bronne", *Die Unie*, 84(4), 1987, p.112.
55. Hofmeyr, "Plaaslike geskiedenis", p.28; Coetzee, "Plaaslike geskiedenis: bronne", p.112.
56. Grundlingh, "Streeksgeskiedenis", p.94; Rogers, "New horizons in local history", p.68; Eloff, "History from below", pp.45-46 en 49; E. Roberts, "Oral history and the local historian", *The Local Historian*, 13(7), 1979, pp.408-409 en 415; Samuel, "Local history and oral history", pp.199 en 201.
57. Samuel, "Local history and oral history", p.204.
58. T. Sitton, "Black history from the community: the strategies of field work", *The Journal of Negro Education*, 50(2), 1981, p.176.
59. G.E. Burcaw, *Introduction to museum work* (Nashville, 1975), p.33.
60. B. Gordon, "The role of a local history museum in a rural community", *South African Museum Association Bulletin*, 16(6), 1985, pp.266-267; veral Grundlingh, "Streeksgeskiedenis", pp. 96-97, bepleit 'n toenemende "gemeenskapgerigte" aksie om plaaslike en streeksgeskiedenis te populariseer.
61. Kyk Smith, "Local history and the planners", p.45.
62. A.S.C. Hooper, "Museums and libraries: areas of overlapping interest", *South African Museum Association Bulletin*, 16(8), 1985, p.424.
63. *Ibid.*, p.425; ook L.J.S. Changuion, "Transvaalse museums en kultuurhistoriese navorsing" (ongepubliseerde referaat aangebied by die konferensie van die Transvaal-streektaak van die SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis, Pretoria, 2 Maart 1990).
64. Samuel, "Local history and oral history", p.205; Hooper, "Museums and libraries", p.425; Changuion, "Transvaalse museums en kultuurhistoriese navorsing."